**Hoekom SA se jeug by maatskaplike geregtigheid betrokke moet raak**

Liam Gillesen*

Alhoewel my reis met maatskaplike geregtigheid in die laerskool onder die vaandel van "uitreikprogramme" en "liefdadigheidsinsamelings" begin het, het ek eers op universiteit die diepte daarvan begin verstaan. Terwyl liefdadigheid en gemeenskapsprogramme onder die sambreel van maatskaplike geregtigheid val, is die konsep in essensie veel omvattender. Dit gaan oor die vind van volhoubare maniere om te verseker dat alle mense gelyke regte en toegang tot basiese hulpbronne het.

Maatskaplike geregtigheid is veel meer persoonlik as liefdadigheid. Dit behels dat jy jouself in die skoene plaas van diegene vir wie se regte jy veg – om te voel wat ander voel en persoonlik betrokke te wees by hul stories.

Om Jeugdag op 16 Junie te herdenk, ondersoek hierdie skrywe die volgende sleutelvraag: "Hoekom moet jong mense in Suid-Afrika kampvegters vir maatskaplike geregtigheid wees?". Dit kan eintlik net beantwoord word deur ’n kritieke voorafgaande vraag te vra: "Hoe lief is jy vir Suid-Afrika?".

Ons sukkel as ’n nasie weens ’n gebrek aan maatskaplike geregtigheid. Met ’n mislukkende staat rus die swaar las om dit te bereik op gewone mense en die sakegemeenskap.

Maatskaplike geregtigheid is uitdagend, en dit het mense nodig wat dit met mening aanpak sonder om te kla of dit af te maak met "dis nie my probleem nie". As jy gou is om die regering te blameer, maar onwillig om jou hulpbronne en tyd op te offer, dan is maatskaplike geregtigheid nie net nie vir jou nie – ek wil dit waag om te sê dat jy in die verkeerde land bly.

Om by maatskaplike geregtigheid betrokke te wees kan ook met jou kop smokkel omdat dit inherent nie ’n radikale idee is nie. Dit sê eenvoudig dat almal die blote minimum – kos, behuising, opvoeding, ekonomiese geleenthede, ens. – moet kry om ’n regverdige kans in die lewe te hê. Die struikelblokke wat leiers van maatskaplike geregtigheid moet oorkom en die stryd wat hulle moet voer om diegene in magsposisies te oortuig om mense te gee waarop hulle geregtig is, is frustrerend, teleurstellend en emosioneel uitputtend. Nogtans, soos ek sal aantoon, kan betrokkenheid by maatskaplike geregtigheid ontsettend vervullend wees.

Ek is bewus daarvan dat elkeen sy eie reis met maatskaplike geregtigheid het vanweë die mense met wie hulle omgegaan het en die spesifieke sake wat hulle gekies het om voor te veg. Daarom wil ek besin oor hoekom die jeug by maatskaplike geregtigheid betrokke moet raak deur op my eie ervaring te steun eerder as om op die objektiewe voordele daarvan te fokus.

Eerstens breek maatskaplike geregtigheid verdeeldheid in die samelewing af en dit kontekstualiseer ubuntu. Suid-Afrikaners is verdeeld omdat daar ná apartheid geen ware maatskaplike versoeningsprojek was nie.

Alhoewel ons diversiteit in baie opsigte ’n sterkpunt is, is mense dikwels vasgevang in hul eie wêreldbeskouing en makeer die empatie om die wêreld deur ander oë te sien. Omdat maatskaplike geregtigheid behels dat jy mense ontmoet waar hulle is en intiem betrokke is by

hul verhaal, leer jy om mense te waardeer. Jy hou op om mense te sien deur die etikette wat die samelewing op hulle plaas en begin hulle sien as mense wat verdien om as mense behandel te word.

Baie van my vooropgestelde idees oor mense wat anders as ek is het heeltemal verander nadat ek by maatskaplike geregtigheid betrokke geraak het omdat ek werklik na hul stories kon luister, en saam met hulle kon lag en huil. Op dié manier het ek deel van hul lewens geword. Dit het my gehelp om my hart te verloor op dit wat ons as mense in gemeen het. Maatskaplike geregtigheid help jou besef dat ons almal dieselfde drome, hoop en vrese het.

Suid-Afrika moet herstel word deur respekvolle, onpartydige dialoog wat deur ubuntu gevorm is. Dit kan slegs werklik bereik word deur betrokke te raak by projekte vir maatskaplike geregtigheid.

Tweedens gee maatskaplike geregtigheid jou ’n nuwe perspektief op die lewe. Vir my het hierdie nuwe perspektief beteken dat ek die werklike gróót kwessies raakgesien en verstaan het, eerder as om op my klein selfsugtige probleme te fokus.

Ek kom uit ’n agtergrond van ontsaglike bevoorregting waar ek lank in ’n borrel geleef het. Ek het altyd geglo dat ek die stryd van die meeste mense in die land verstaan het deur nuusberigte, openbare gesprekke en debatte. In werklikheid het ek geen begrip van hul stryd gehad nie. Hierdie verandering van perspektief, tesame met ’n nuutgevonde empatie, het my gehelp om my ware doel te vind: om vir die sukses van ander te leef. Ek het my eie selfsugtige “ek-gesentreerde” doelwitte opsygeskuif en gefokus op die nastreef van maatskaplike geregtigheid en om ander te help.

Perspektief is belangrik omdat dit ons help om ons fokus te verskuif van ons eie probleme en ambisies – wat ons dikwels oordryf – na wat werklik saak maak. Ek het myself dikwels ná ’n moeilike dag, wanneer dit sleg gegaan het in ’n toets of my nuwe projek vir maatskaplike geregtigheid misluk het, afgevra: “Hoekom is ek so gefokus hierop? Daar is mense met veel groter probleme. Lig jou kop op en probeer weer môre.” Om die waarheid te sê was die transformasie geestelik, aangesien ek God deur Sy mense kon sien – en ek as gevolg daarvan kon sin maak van my pad met die Here, wat dikwels verwarrend gevoel het.

Maatskaplike geregtigheid het ook my siening oor leierskap verander en my hernude vertroue in Suid-Afrika gegee. Ons word dikwels gekonfronteer met eindelose nuussiklusse van politieke gevegte en leiers wat faal. Dit versterk die narratief dat ons land gedoem is. Samewerking met verskillende gemeenskappe het my egter laat besef dat die boonste vlakke van leierskap nie die mense is wat hierdie land vorentoe gaan dryf nie. Dit is eerder die gewone burger, wat geld insamel vir hul gemeenskappe, probleme probeer oplos, en elke dag wakker word met ’n visie om Suid-Afrika te herstel, wat hierdie nasie lei.

Suid-Afrikaners het baie passie, vindingrykheid en kreatiwiteit wat geen hoeveelheid korrupsie kan demp nie. As ’n jong leier het dit my die waarde van posisionele leierskap laat bevraagteken, wat leiers te dikwels van gemeenskappe isoleer en die rede waarom hulle begin doen het wat hulle gedoen het, verwring. Ek is dikwels teleurgesteld om beroemde individue te ontmoet wat eens hul gemeenskappe gelei het, net om te ontdek hoe hulle kontak met hul wortels verloor het weens hul roem en posisie.

Vir die jeug is betrokkenheid by maatskaplike geregtigheid noodsaaklik omdat dit ’n gemeenskapsgedrewe dienende leierskapstyl bevorder – noodsaaklik in ’n land waar ons probleme slegs opgelos kan word deur mense wat mekaar help. In plaas daarvan om vir ’n nuwe leierskapskursus in te skryf, moet jong mense eerder oorweeg om gemeenskapsdiens te doen of ’n projek vir maatskaplike geregtigheid begin. Deur dit te doen, sal hulle baie meer oor leierskap leer.

Ten slotte, die stryd vir maatskaplike geregtigheid is nie net ’n stryd vir die minderbevoorregtes nie; dit is ook die verantwoordelikheid van diegene wat bevoorreg is om dit te gebruik om ander op te hef wat deur samelewing vergeet is. In die verlede het my bevoorregting my toegelaat om in my borrel te bly, teruggehou deur my eie gemak en vroeëre vooroordele. Ek het geleer dat die lewe ryker is buite jou borrel – en te kort om net vir jouself te leef. Toegegee, dit kan aanvanklik ongemaklik wees, maar dit sal uiteindelik die moeite werd wees.

Die enigste manier om Suid-Afrika beter te maak is deur maatskaplike geregtigheid gesamentlik te bevorder. Ons sal ver kom met die oplossing van ons probleme as ons op ander fokus eerder as op suiwer selfvervulling en om wins na te jaag. Vandag is ’n goeie dag om te begin om die wêreld te verander.

***Liam Gillesen is ingeskryf vir ’n gekombineerde Baccalaureusgraad in Rekeningkunde en Regsgeleerdheid aan die Universiteit Stellenbosch (US). Hy is ook ’n geregtigheidsambassadeur vir die Sentrum vir Sosiale Geregtigheid aan die US.**